



NGB Artikel 37

Die laaste artikel van die NGB handel oor die einde van hierdie bedeling. Vanuit die Christelike perspektief is daar twee groepe wat uiteenlopend gaan reageer op die einde van tyd. Dit is wat onder andere ter sprake kom in Artikel 37. Die gelowiges gaan jubel en die ongelowiges gaan bittere berou ervaar. In die denke van die mensdom is daar ander benaderings moontlik. Alvorens Artikel 37 bespreek word, gaan daar net eers vlugtig na alternatiewe verwys word.

Ongelowiges stem nie saam oor die aard en tydperk van die heelal se bestaan nie. Sekere ongelowiges redeneer vanuit hulle eie besef van sterflikheid. In hulle denke is die heelal - soos hulle self - verganklik. Hulle lewe in die hopeloosheid van verval en verderf. Sommige se sistematiese antwoorde kan nie net ignoreer word nie.

Diegene wat die oerknal en evolusie voorstaan, gaan geen doelmatigheid of sin aan bestaan in die heelal toeken nie. Die blote toeval van die eerste bestaan en die eerste vorme van lewe impliseer die onmoontlikheid van sinvolle bestaan die toekoms in. Hulle blik op die toekoms word wiskundig bepaal. Daar word gekyk na die momentum van hemelliggame, die grootte van planete en ander faktore om dan 'n toekoms voorspelling te waag. Die tydperke waarmee hierdie mense werk, maak dit onmoontlik om hulle bevindings te kontroleer.

In terme van die mens se bestaan hier op aarde, word verskeie faktore in ag

geneem. Besoedeling, bevolkingsaanwas, tegnologiese vordering, klimaatsverandering, mediese deurbrake en vele ander faktore word gebruik in die spekulasies wat voorgehou word. Daar is 'n beduidende groep mense wat oortuig is dat die einde van die wêreld in die beheer van die mensdom is. Ons lees gereeld dat daar stemme opgaan wat die bevolkingsaanwas wil beheer, dat daar voorstelle is om klimaatsverandering teen te werk - so al asof die mens klimaat kan beheer. Hierdie bestaan vind sy doel met ander woorde in voortbestaan. In hierdie konteks maak net dit wat voortbestaan verseker sin. Die evolusie model vind in oorlewing en oorwinning sin, rigting en rede. Daar is geen aanduibare begin nie, net spekulasie. Geen betekenis of waarde word geheg aan die begin nie, dit is binne hierdie denke maar toeval. Geen waarde word aan enige einde gekoppel nie, dit sal maar net die logiese gevolg van interne prosesse wees. Daar is geen besliste einde in sig nie, net die moontlikheid om bestaan uit te rek. Waarvoor?

Teenoor hierdie benaderings is daar die Christelike belydenis dat daar 'n duidelike einde aan tyd sal wees. Ten spyte van die ongeduldige en ongehoorsame pogings om daardie einde korrek te voorspel, is die gemene-deler vir Christene dat God 'n einde aan dit alles gaan bring. Christene glo dat daar 'n duidelik begin en doel aan die skepping gekoppel kan word en dat 'n beloofde einde in die vooruitsig gestel word. Dit is binne hierdie bedeling moontlik om doel en sin aan te dui. Dit

dien vermeld te word dat enige bestaan sonder doel of eindpunt, redelik maklik in sinloosheid verval.

Teen hierdie agtergrond kom ons by die laaste tema wat in die NGB hanteer word; naamlik die einde van tyd. Die NGB het breedvoerig gehandel oor die verlede in terme van die heilsgeskiedenis en die hede in terme van dieselfde heilsgeskiedenis. Nou kom die einde van hierdie geskiedenis in die visier, die eindpunt waarheen die geskiedenis voortspoed. Die teks lees as volg:

DIE LAASTE OORDEEL, DIE OPSTANDING EN DIE EWIGE LEWE

Ons glo ten slotte, in ooreenstemming met die Woord van God, dat, wanneer die tyd gekom het wat die Here bepaal het - dié tyd is vir alle skepsels onbekend - en die getal uitverkorenes volledig sal wees, ons Here Jesus Christus met groot heerlijkheid en majesteit uit die hemel sal kom, liggaamlik en sigbaar, soos Hy opgevaar het (Hand. 1:11), om Homself as Regter oor die lewendes en dooies aan te kondig, terwyl Hy hierdie ou wêreld aan vuur en vlam sal prysgee om dit te suiwer. Dan sal, gedaag deur die stem van die aartsengel en deur die geklank van die basuin van God, alle mense, mans, vrouens en kinders, wat van die begin van die wêreld af tot die einde toe geleef het, persoonlik voor hierdie groot Regter verskyn (1 Tess. 4:16). Want al die dooies sal uit die aarde opstaan, die siel van elkeen saamgevoeg en verenig met sy liggaam waarin hy geleef het. En hulle wat dan nog sal lewe, sal nie soos die

ander sterwe nie maar in 'n oogwink verander en uit verganklikheid onverganklik word. Dan sal die boeke, dit is die gewetens, geopen en die dooies geoordeel word (Op. 20:12) volgens wat hulle in hierdie wêreld gedoen het, of dit goed was of sleg (2 Kor. 5:10). Ja, die mense sal rekenskap moet gee van elke ligsinnige woord wat hulle gesê het (Matt. 12:36), al beskou die wêreld dit slegs as kinderspel en tydverdryf; en dan sal die geheime bedrog en huigelary van die mense in die openbaar voor almal oopgevelek word. Daarom is die gedagte aan hierdie oordeel vir die oortreders en goddeloses met reg ontsettend en skrikwekkend maar vir die vromes en uitverkorenes begerlik en troosryk. Want dan sal hulle volle verlossing voltooi word, en hulle sal daar die vrugte ontvang van moeite en lyding wat hulle gedra het. Hulle onskuld sal deur almal erken word, en hulle sal die verskriklike wraak sien wat God sal voltrek oor die goddeloses wat hulle in hierdie wêreld wreed vervolgt, verdruk en gekwel het. Maar die goddeloses sal deur die getuienis van hulle eie gewete tot erkenning van hulle skuld gebring word; hulle sal onsterflik word dog slegs om gepynig te word in die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is (Matt. 25:41). Die gelowiges en uitverkorenes, daarenteen, sal met heerlijkheid en eer gekroon word. Die Seun van God sal hulle naam voor God, sy Vader (Matt. 10:32), en sy uitverkore engele bely; alle trane sal van hulle oë afgevee word (Op. 21:4). Dan sal dit bekend word dat hulle

saak, wat tans deur baie regters en owerhede as ketters en goddeloos veroordeel word, die saak van die Seun van God is. En as 'n beloning uit genade sal die Here self hulle so 'n heerlijkheid gee as wat die hart van 'n mens nooit kon bedink nie.

Daarom verwag ons hierdie groot dag met sterk verlange om die beloftes van God in Jesus Christus, ons Here, ten volle te geniet.

Daar is verskillende temas wat in mekaar verweef na vore kom in hierdie artikel. Daar moet sorgvuldig gelet word op elke tema en lyn van beredenering. Die teks sal in **vetdruk** wees, kommentaar in gewone druk en aanhalings in *kursiewe* druk.

DIE LAASTE OORDEEL, DIE OPSTANDING EN DIE EWIGE LEWE

Die laaste artikel handel met ander woorde oor drie temas wat verband hou met die einde van tyd en geskiedenis. Daar is geen sprake van 'n neutrale einde sonder enige betekenis of rede nie. Die einde gaan nie sonder betekenis of impak op die mens plaasvind nie. Waar evolusie aanhangers sal redeneer dat daar geen betekenis aan die einde van alles geheg kan word nie, is die Bybel duidelik oor die betekenisvolle einde.

Oordeel, opstanding en ewige lewe is gelade terme, vol betekenis en implikasies. Dit gee sin aan die hele verloop van geskiedenis. Die opskrif van Artikel 37 wil met ander woorde reeds aandui dat die wederkoms sinvol is en dat ons groot waarde en betekenis aan die geleentheid kan toedig.

Daar sal 'n dag kom wanneer die skale van geregtigheid weer sal klop, die dag waarop ongeregthede aan die kaak gestel sal word en in die openbaar veroordeel sal word. Daar kom 'n dag wanneer lyding sal ophou en die lyding wel verduur, sal wegkrimp in die lig van die komende heerlijkheid. Die Here kom weer om te oordeel, Hy sal ons almal opwek en die hemel en die aarde sal henuwe word.

Dit is oor daardie dag wat in Artikel 37 bely word. Die laaste oordeel is die finale hoofstuk in die drama van die heilsgeskiedenis, die hoofstuk waarin alles verklaar word, alles sin maak, alles aan die lig kom en verdamp of in vreugde jubel. Dit is geen neutrale dag nie. Dit beteken dat ons nie nou 'n oog op eskatologiese gebeurtenisse moet hou nie, ons kan nie nou sin maak daarvan nie. Met die wederkoms sal alles sin maak en sal die sin van alles duidelik word. Die leer oor die einde van tyd kan opgesom word met die woorde: "Jesus kom weer, dan sal Hy alles hier herstel, ons opwek en oordeel. Dan sal die gelowiges saam met Hom die nuwe hemel ingaan.

Die NGB se denke rakende die eskatologiese is met ander woorde beslissend, nie spekulatief nie. Daar word nie gesoek na tekens van die tye nie. Daar word nie gekyk na sake van die dag as aanduiding van waar ons op die padkaart na die wederkoms is nie. Dit sou pure onskriftuurlike spekulasie wees.

Die NGB is beslis, duidelik, ongenuanseerd oor die sake van die, laaste oordeel, die opstanding en die ewige lewe. Net omdat ons onseker is oor die oomblik van hierdie gebeurtenis,

maak dit ons nie onseker oor die werklikheid van hierdie einde nie.

Dit sou spreek van onvolledigheid om nie die opsteller van die NGB - te wete Guido De Bres - se eie omstandighede te noem nie. Hy was, soos baie mense van die Reformasie, vervolgd, deur die Spaanse inkwisisie verhoor en is in 1567 gehang. Die bitter-soet van geloof en vervolging het met ander woorde saam met de Bres die pad van geloof gestap. Daar is verskeie sake wat in hierdie laaste artikel aangespreek sal word. Die eerste is om te verwys na die einde van tyd as 'n gegewe wat deur God geproklameer is. God self het besluit dat daar 'n einde sal wees. Die tyd van hierdie einde, met ander woorde hoe ver die geskiedenispad loop, is aan geen mens bekend nie.

Tog vind ons in die Nuwe Testament duidelike verwysing na tekens van die tyd. Dit is hierdie spanning tussen tekens van die tyd en die onkenbaarheid van die wederkoms - altwee duidelik aanduibare temas in die Bybel - wat

verder ondersoek moet word. Die eerste boodskap van hierdie spanning is dat ons aan die een kant nie moet sit en sommetjies maak nie, maar na die ander kant toe nie in daadlose afwagting moet verval nie.

Die tweede saak spreek Jesus se regering in hierdie tyd aan, asook Sy tweede koms. Jesus sal fisies, sigbaar, skielik weer kom. By Sy koms sal die dooies opgewek word, die finale oordeel sal geskied en alles sal nuut en ewigdurend gemaak word. Die derde bespreking fokus op opstanding van die dooies, die beloning van die getroues en die straf van die bose mense. Die vierde gesprekspunt neem die vorm van troos en bemoediging aan. Die hoop en troos wat gepaard gaan met die belofte van die wederkoms is veral van belang in tye van smart, pyn, lyding en vervolging. Teen hierdie agtergrond dan die dieper inhoudelike bespreking van artikel 37. Volgende keer.....